

15 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 4:1-11 (NAV)

Fokusgedeelte: Openbaring 4:11

Die Koningsheerskappy van God is 'n werklikheid

Te midde van die werklikhede rondom ons wat ons dikwels bedruk laat worstel, skets Openbaring 4 vir ons 'n ander werklikheid. In die tyd wat Johannes hierdie visioen ontvang, was gelowiges gekonfronteer met 'n realiteit van wrede vervolging onder die Romeinse keiser Domitianus. Die gryse Johannes is self deur Domitianus na die rotsagtige eilandjie Patmos verban. In daardie omstandighede gee die Here aan sy kerk die versekering dat "Iemand" (vs 2), die hemelse Vader, self op die troon sit en regeer. Niks is uitgesluit van sy regeermag nie. Dit is nie die keiser wat regeer nie. God regeer. Ten spyte van die sonde en die onreg in hierdie wêreld, heers God, nie net oor mense nie, maar ook oor die skepping.

Die 24 ouderlinge, as simbool van die gelowiges van die Ou en Nuwe Testament, wys op die oorwinning van die volk van God, en dat die volk van God ook konings is wat nou reeds saam met Christus regeer (1 Pet 2:9). Die vier lewende wesens dui op die skepping wat eenmaal sy volmaakte heerlikheid verloor het weens die sondeval van die mens, maar wat ook weer tot volmaaktheid herskep sal word.

Die kern van Openbaring 4 is dat ons midde in ons armoedige en sondebelaaide bestaan die versekering mag (en moet) hê dat God se heerskappy 'n realiteit is – 'n realiteit om mee rekening te hou. God kan die sonde en die onreg nie verdra nie. Vir die goddeloosheid wat nou dalk skynbaar hoogty vier, sal die laaste dag een van vrees en angs wees en sal die weerligstrale, dreuning, donderslae, wat tekenend is van God se oordele, 'n verskriklike en verdoemende realiteit tot oordeel wees. Vir die kerk van Christus sal daardie dag egter 'n groot troos inhou: Glo in die Here Jesus Christus en in God se heerskappy wat van altyd af en tot in ewigheid 'n realiteit is, dan hoef jy die troon van God nie te vrees nie. Jesus Christus het met sy enige offer die vrees van die laaste oordeel weggeneem. Op die laaste dag, en tot in ewigheid, kan die kerk van Christus as oorwinnaars saam juig: "Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom."

Sing: Skrifberyming 1-2:1-3

Dr SP van der Walt (Benoni)